higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING (IKT-KOMPONENT)

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 4

(7601034)

31 Oktober 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag NIE gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Hierdie vraestel bestaan uit 10 vrae. Beantwoord AL die vrae. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE in die omslag.
3. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui word is 'n riglyn wat jou help om die vraestel in die vasgestelde tyd te voltooi.
4. Die toegelate tyd vir hierdie vraestel maak vir drukwerk voorsiening.
5. Dit is jou verantwoordelikheid om gereeld jou werk te stoor (*save*) om verlies van data wat ingesleutel is te voorkom indien daar 'n kragonderbreking is. GEEN ekstra tyd word toegelaat om verlore werk klaar te maak nie.
6. Indien daar 'n probleem met 'n rekenaar of drukker is, sal die toesighouer die nodige reëlings tref dat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal addisioneel toegelaat word.
7. Speltoetser mag gebruik word.
8. Eksamen- en sentrumnommers moet korrek op die eksamendekblaaie geskryf word en die sagtewareweergawe moet boaan die dekblad aangedui word. (Bv. MS Office 2010).
9. Maak seker dat elke drukstuk die VRAAGNOMMER, jou EKSAMENNOMMER en 'n WATERMERK wat die stasienommer van jou rekenaar aandui vertoon.
10. Geskrewe EKSAMENNOMMERS word NIE aanvaar nie.
11. Punte sal NIE toegeken word vir drukstukke sonder 'n EKSAMENNOMMER en konsekwente WATERMERK nie.
12. DRUKSTUKKE vir nasien moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. EEN DRUKSTUK per VRAAG mag ingegee word.
13. Elke antwoord moet op 'n aparte bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (WOORDVERWERKING) (Ongeveer 72 minute)

VRAAG 1

Jy is gedurende die Studenteraadverkiesing (SR) wat onlangs by jou Kollege gehou is as 'n Gesondheid- en Welsynsbeampte verkies. Jou eerste taak is om 'n MIV/VIGS veldtog te organiseer. Daar word vereis dat jy verskeie belanghebbers uitnooi om aan die veldtog deel te neem.

1.1 Gebruik MS Word of MS Access om 'n databrondokument voor te berei met die veldname en rekords soos op die volgende bladsy aangedui is. (1)

1.2 Stel die font op Arial, grootte 12. (1)

1.3 Indien jy **MS Word** gebruik, voeg 'n kopskrif in (*Insert header*) met jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 1 (gesentreer).
OF
Indien jy **MS Access** gebruik, herbenoem die tabel met jou EKSAMENNOMMER, VRAAG 1. (2)

1.4 Sleutel al die veldname en rekords akkuraat in, met die korrekte gebruik van bokas, onderkas en letterspasiëring. (9)

1.5 Sleutel die veldname in hoofletters in en sentreer. (2)

1.6 Verander die bladsyoriëntasie na landskap. (1)

1.7 Verstel die kolomwydte om te verseker dat die data vir elke rekord soos aangedui is op een reël vertoon word. (1)

1.8 Stoor die dokument as VRAAG 1, volgens jou kollege se eksamenregulasies.

1.9 Druk die antwoord op EEN A4-landskapbladsy en plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

Kopiereg voorbehou

VELDNAME	REKORD 1	REKORD 2	REKORD 3	REKORD 4	REKORD 5
TITEL	Mnr.	Mev.	Dr.	Prof.	Me.
NAAM	Jose Mario	Irma Peters	Harvey Low	Katrina Brown	Adlin James
DATUM	1 Desember 2018	2 Desember 2018	2 Desember 2018	5 Desember 2018	5 Desember 2018
PLEK	Pretoria Saal	Lesingsaal 2	Ontspanningsaal	Ontspanningsaal	Pretoria Hall
TYD	10:00	12:00	13:30	15:00	16:30
E-POS ADRES	jnormaine@gmail.com	irma@gmail.com	hmaxwell@gmail.com	marobe@gmail.com	adlin@gmail.com

Skep 'n databron met die veldname hier bo

Sleutel rekords vir elke afgevaardigde in

[18]

VRAAG 2

2.1 Gebruik MS Word om 'n uitnodigingsbrief (primêre dokument) voor te berei wat aan al die belanghebbers genoem in VRAAG 1 gestuur sal word. (1)

2.2 Voeg 'n voetskrif in (*Insert footer*) met jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 2 (sentreerbelyn). (2)

2.3 Gebruik die font, Comic Sans Ms, grootte 12 vir alle teks tensy anders vermeld. (1)

2.4 Sleutel die primêre dokument akkuraat in met die korrekte gebruik van bokas, onderkas en letterspasiëring. Speltoetsers mag gebruik word om alle spelfoute reg te maak. (17)

2.5 Voeg vandag se datum op die plek wat aangedui is in. (1)

2.6 Voeg in (*Insert*) die korrekte SAAMVOEGVELDE(*MERGE*) (veldname) in die posisies soos op die primêre dokument aangedui is. (6)

2.7 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na CASTELLA, grootte 14. (2)

2.8 Vetdruk en onderstreep die hoofopskrif, gebruik 'n stippellyn soos aangedui is. (2)

2.9 Vol justeer die teks in die eerste paragraaf 'Die Studenteraad …', en die linkerkolom 'Die studentleier …kommoditeite'. (2)

2.10 Voeg in twee kolomme en sleutel die teks korrek in elke kolom in. (2)

2.11 Voeg kolle (*bullets*) in die regterkolom in en belyn die kolle korrek soos aangedui is. (2)

2.12 Sentreerbelyn die sin 'Die veldtog vind soos volg plaas:' en verander na kursief. (2)

2.13 Voeg 'n tabel met die saamvoegvelde in en sleutel die teks in, soos aangedui. (2)

2.14 Regsbelyn die saamvoegvelde in die tweede kolom van die tabel. (1)

2.15 Pas die volgende arsering op die eerste kolom van die tabel toe: White, Background 1, darker 15% (light grey). (2)

2.16 Verander die buiterande van die tabel na 'n wydte van 3 pt soos aangedui is. (1)

2.17 Verander die lettertipe van die benaming (Gesondheid- en Welsynsbeampte) na Blackadder ITC, grootte 12 soos aangedui is. (1)

2.18 Stoor die dokument as VRAAG 2, volgens jou kollege se eksamenregulasies.

2.19 Druk die primêre dokument op een A4-portretbladsy en plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

Kopiereg voorbehou

Voeg in vandag se datum

Vandag se datum

Voeg in saamvoegvelde

Beste [TITEL] [NAAM]

Hoofopskrif in CASTELLAR, grootte 14, vetdruk en onderstreep met stippellyn

UITNODIGING AS SPREKER BY HEAIDS VELDTOG

Die Studenteraad (SR) besef dat dit gesamentlike optrede gaan verg om op beslissende wyse op te tree teen alle soorte misbruik wat teen vroue gepleeg word. Die studenteleiers het daarom 'n aantal aktiwiteite georganiseer om bewustheid te skep.

Een van hierdie aktiwiteite is die aanneem van die HEAIDS Gesondheid- en Bemagtiging-program vir Vroue:

Die studenteleiers beplan 'n veldtog onder die hutsmerk, '***#girlpower'.***

Die hoofdoel van die veldtog is die bemagtiging van vroue deur onderrig, inligting te deel en bewusmaking te skep sodat ingeligte besluite geneem word en groter toegang tot sleuteldienste en kommoditeite verkry word.

Hierdie veldtog beoog hulp met:

- voorkoming van nuwe MIV-besmetting;
- beperking van ongewenste swangerskap;
- voorkom moeder-na-kind MIV-oordrag;
- verseker gesonde leefstyle; en
- verseker vroeë opsporing en bestuur van chroniese siektes.

Die veldtog vind soos volg plaas:

Voeg saamvoegvelde in

DATUM	[DATUM]
PLEK	[PLEK]
TYD	[TYD]

Stuur asseblief e-pos na ons Kantooradministrateur by [E-POS ADRES] om u beskikbaarheid en bywoning as gasspreker te bevestig.

Voeg saamvoegveld in

Ons sien daarna uit om 'n vername persoon soos u as gasspreker van ons veldtog te hê.

Die uwe

A NXUMSA
Gesondheid- en Welsynsbeampte

[48]

VRAAG 3

3.1 Maak die dokument gestoor as VRAAG 2 oop. (1)

3.2 Vervang die voetskrif met 'n kopskrif, met jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 3 (sentreerbelyn). (2)

3.3 Voeg saam (*Merge*) die databron en die hoof (primêre) dokument om die sekondêre dokumente (saamgevoegde briewe) te skep. (9)

3.4 Stoor die dokument as VRAAG 3, volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.5 Druk slegs die briewe aan Jose Mario en Katrina Brown op twee A4-portretbladsye en plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (2)

[14]

TOTAAL AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: (SIGBLAD) (Ongeveer 72 minute)

VRAAG 4

Jy is die koördineerder vir die HEAIDS Program by kolleges. Jou opdrag is om 'n MS Excel-sigblad van die 2018 Voorgestelde Begroting vir die 'FTF'-Veldtog voor te berei.

4.1 Gebruik MS Excel om die sigblad te skep en gebruik die inligting wat hier onder gegee is. Moenie die reël- en kolomopskrifte (A-D en 1-10) insleutel nie want dit is slegs gegee om die korrekte selle wat gebruik moet word aan te dui. (1)

4.2 Voeg in 'n kopskrif in met jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 4, gesentreer. (2)

4.3 Gebruik lettertipe Arial Narrow, grootte 12. (1)

4.4 Sleutel die sigblad akkuraat in soos hier onder aangedui is, met die korrekte gebruik van bokas, onderkas en letterspasiëring. (8)

4.5 Voeg saam (*merge*) kolomme A tot D en regsbelyn die hoofopskrif. (1)

4.6 Gebruik **Arial MT Rounded Bold**, grootte 14 vir die hoofopskrif. (1)

4.7 Sentreer die kolomopskrifte in reël 3 horisontaal. (1)

4.8 Vertoon syfers in KOLOM B as heelgetalle (sonder desimale) en dié in KOLOM D as Suid-Afrikaanse geldeenheid met twee desimale. (2)

4.9 Verstel die kolomwydte om te verseker dat inligting korrek vertoon word. (1)

4.10 Stoor die dokument as VRAAG 4, of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.11 Druk die sigblad SONDER reël- en kolomopskrifte, op EEN A4-landskapbladsy. Plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (2)

	A	B	C	D
1	VOORGESTELDE 2018 BEGROTING 'FTF'-VELDTOG			
2				
3	Kampus	Geraamde Bedrae	FTF Koördineerder	Toegekende Bedrag
4				
5	Kingsville	3500	J Kane	110000
6	Edenvale	4500	M Matidze	150000
7	Fordsberg	4580	C Ndlovu	165000
8	Umbulezi	6900	E Kohen	185760
9	Northlands	3225	R Green	98990
10	Mullenberg	7650	K Rapudi	106800

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Maak die sigblad wat jy as VRAAG 4 gestoor het oop.

5.2 Verander die Vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 5. (1)

5.3 Sleutel die teks in die nuwe kolomme en nuwe reëls akkuraat in en vertoon soos aangedui is. (8)

5.4 Voeg saam (*merge*) en sentreer die hoofopskrif (reël 1) en kolomopskrif (reël 2) soos op die sigblad aangedui is. (2)

5.5 Verander die font van 'BEGROTE UITGAWES' (reël 2) na Agency FB, grootte 14 en kursief. (2)

5.6 Sentreer alle kolomopskrifte horisontaal en vertikaal. (2)

5.7 Regsbelyn en vetdruk die persentasies in selle E4, F4 en G4. (2)

5.8 Voeg toepaslike formules in die selle wat met die ooreenstemmende vraagnommer gemerk is om die berekeninge wat hier onder gelys is uit te voer. Gebruik absolute selverwysings vir VRAAG 5.8.1–5.8.3. (1)

5.8.1 Biljette & Plakkate = TOEGEKENDE BEDRAG vermenigvuldig met 18.5% (1)

5.8.2 Tent & Stoele = TOEGEKENDE BEDRAG vermenigvuldig met 22.5% (1)

5.8.3 Vrywillige Uitgawes = 25% van die TOEGEKENDE BEDRAG (1)

5.8.4 Totaal begrote uitgawes = SUM van alle begrote uitgawes (1)

5.8.5 Oorblywende Saldo = TOEGEKENDE BEDRAG minus die Totale begrote uitgawes (1)

5.8.6 LAAGSTE UITGAWE = LAAGSTE Begrote uitgawe vir Biljette en plakkate by elke kampus (1)

5.8.7 HOOGSTE UITGAWE = HOOGSTE Begrote uitgawe vir vrywilligers by elke kampus (1)

5.9 Gebruik AutoFill om die formules na die selle wat met pyle aangedui is te kopieer. (1)

5.10 Vertoon alle syfers in kolomme D – I in Suid-Afrikaanse geldeenheid met twee desimale plekke. (2)

5.11 Voeg horisontale en vertikale lyne in soos aangedui is. (2)

5.12 Voeg 'n dubbele rand om kolomme E tot I in soos aangedui is. (1)

5.13 Verstel die kolomwydte om die inhoud van elke kolom te vertoon soos aangedui is. (1)

5.14 Stoor die dokument as VRAAG 5, volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.15 Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy MET reël- en kolomopskrifte. Plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (2)

Kopiereg voorbehou

Voeg saam en sentreer oor kolomme A – I

Voeg saam en sentreer oor kolomme E – G

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	**VOORGESTELDE 2018 BEGROTING 'FTF'-VELDTOG**								
2	Kampus	Geraamde Bedrag	FTF Koördineerder	Toegekende Bedrag	BEGROTE UITGAWES			Totale Begrote Uitgawes	Oorblywende saldo
3					Biljette & Plakkate	Tent & Stoele	Vrywilliger Uitgawes		
4					**18.5%**	**22.5%**	**25%**		
5	Kingsville	3500	J Kane	R1100,00	*[5.8.1]*	*[5.8.2]*	*[5.8.3]*	*[5.8.4]*	*5.8.5]*
6	Edenvale	4500	M Matidze	R1500,00					
7	Fordsberg	4580	C Ndlovu	R1650,00					
8	Umbulezi	6900	E Kohen	R1857,60					
9	Northlands	3225	R Green	R989,90					
10	Mullenberg	7650	K Rapudi	R1068,00					
11									
12	LAAGSTE UITGAWE				*[5.8.6]*				
13	HOOGSTE UITGAWE						*[5.8.7]*		

[34]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Maak die sigblad wat jy as VRAAG 5 gestoor het oop.

6.2 Verwyder die kopskrif en voeg 'n voetskrif in met jou EKSAMENNOMMER (regsbelyn) en VRAAG 6 (sentreerbelyn). (2)

6.3 Vertoon die formules wat in VRAAG 5 gebruik is. (8)

6.4 Verstel die kolomwydtes waar nodig om te verseker dat die hele formule gelees kan word. (1)

6.5 Stoor die dokument as VRAAG 6, volgens jou kollege se eksamenregulasies.

6.6 Druk jou antwoord sonder reël- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

[12]

VRAAG 7

7.1 Maak die sigblad gestoor as VRAAG 5 oop.

7.2 Skep 'n KOLOMGRAFIEK om die kolomme: 'Biljette & Plakkate' en 'Vrywilliger Uitgawes' te vergelyk. (2)

7.3 Voeg die volgende as grafiektitel (regsbelyn) in:
EKSAMENNOMMER, VRAAG 7
VERGELYKING VAN UITGAWES PER KAMPUS (3)

7.4 Redigeer die grafiektitel sodat dit in lettertipe, Bernard MT Condensed, grootte 16 verskyn. (1)

7.5 Voeg die titels van die asse met die volgende besonderhede in:
X-As (Primêre Horisontaal): NAAM VAN KAMPUS
Y-As (Primêre Vertikaal – roteer titel): UITGAWE BEDRAE (3)

7.6 Voeg die name van kampusse as kategorie-etikette in (horisontale as). (1)

7.7 Voeg die sleutel met die korrekte inligting in, onder die grafiek. (2)

7.8 Skuif die kolomgrafiek na 'n nuwe bladsy en verstel die grootte indien nodig. (1)

7.9 Stoor die dokument as VRAAG 7, volgens jou kollege se eksamenregulasies.

7.10 Druk die antwoord op EEN A4-portretbladsy en plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

[14]

TOTAAL AFDELING B: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING C (DATABASIS) (Ongeveer 36 minute)

VRAAG 8

As die koördineerder van die 'FTF'-veldtog vir al die kolleges, word jy versoek om 'n lys saam te stel van afgevaardigdes wat die komende Nasionale HEAIDS Konferensie gaan bywoon.

8.1 Skep 'n databasis met die volgende lêernaam: DIE HEAIDS KONFERENSIE (1)

8.2 Stoor die tabel as jou EKSAMENNOMMER VRAAG 8. (1)

8.3 Verander die veldname, datatipes en groottes soos volg:

Veldname	**Data tipe**	**Groottes**
NAAM VAN AFGEVAARDIGDE	Text	25
GESLAG	Text	8
OUD	Integer	
VORIGE KONFERENSIE BYGEWOON	Yes/No	
VERVOERTOELAAG	Currency	

(9)

8.4 Druk die struktuur van die databasis sonder ekstra eienskappe en indekse op een A4-portretbladsy. Plaas jou drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

[12]

VRAAG 9

9.1 Maak die tabel oop wat jy as EKSAMENNOMMER VRAAG 8 gestoor het.

9.2 Kopieer die tabel en herbenoem dit as EKSAMENNOMMER VRAAG 9. (1)

9.3 Skep 'n databasistabel, gebruik die volgende inligting:

ID	NAAM VAN AFGEVAARDIGDE	GESLAG	OUD	VORIGE KONFERENSIE BYGEWOON	VERVOER TOELAAG
1	Morris Blank	Manlik	24	Yes	R2 500,00
2	Paul White	Manlik	20	Yes	R2 450,00
3	Thulani Mkhize	Manlik	30	Yes	R3 500,00
4	Tumelo Raphiri	Vroulik	29	No	R2 450,00
5	Jack Smith	Manlik	31	Yes	R2 700,00
6	Thuli Dlamini	Vroulik	23	Yes	R2 560,00
7	Andile Qwabe	Manlik	26	No	R2 330,00
8	Shane Brown	Manlik	20	No	R2 400,00

(11)

9.4 Voeg die volgende rekord by die databasistabel:

Queen Mabasa	Vroulik	27	No	R2 800,00

(2)

9.5 Sorteer die inligting onder die NAAM VAN AFGEVAARDIGDE-kolom in dalende volgorde. (2)

9.6 Verstel die kolom- en reëlwydtes om te verseker dat alle inligting gelees kan word. (1)

9.7 Druk die tabel op EEN A4-landskapbladsy en plaas die drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

[18]

VRAAG 10

10.1 Gebruik verslagwysgewer (*Report Wizard*) om 'n databasisverslag te skep, gegrond op die tabel wat jy in VRAAG 9 geskep het. (1)

10.2 Voeg die volgende in die verslag in: NAAM VAN AFGEVAARDIGDE, OUD. en VERVOERTOELAAG. (3)

10.3 Voeg die volgende as opskrif (titel) van die verslag in: AGFEVAARDIGDES WAT HEAIDS KONFERENSIE BYWOON (2)

10.4 Voeg die volgende teks onder die eerste kolom van die verslag in: GROOTTOTAAL (1)

10.5 Gebruik 'n formule om die GROOTTOTAAL van die vervoertoelaag te bereken**.** (1)

10.6 Voeg 'n verslagvoetskrif in met jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 10 regsbelyn. (1)

10.7 Stoor die verslag as VRAAG 10, volgens jou kollege se regulasies.

10.8 Druk jou verslag op een A4-portretbladsy en plaas jou drukstuk in jou eksamenomslag. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou